GEBEDSRIGLYNE – DINSDAG 12 NOVEMBER 2007

Baie dankie vir jou gebede – daarsonder kan ons nie Sinode hou nie.

Onthou dat daar vir die verloop van die Sinodesitting 'n ***gebedslokaal*** *beskikbaar is te Willows (Rondawel 6). Persone vanuit die Nelson Mandela Metropool is welkom om enige tyd daar te gaan bid.*

Die teks waarop ons Dinsdag fokus, is ***Johannes 4****. Jy kan gerus saam met ons daarna kyk.*

Gebed is natuurlik ook luister. Daarom wil ek jou graag nooi om enige terugvoer per SMS vir my te stuur by ***083 400 1556****.*

Laat U Naam geheilig word

Spandeer 'n paar minute aan gebed vir die heiliging van God se Naam in en deur die Sinodesitting en die Sinode. Bid dat God se Naam geheilig sal word in die styl en inhoud van die gesprekke, asook deur die besluite wat geneem word.

Laat U koninkryk kom

- ✞ Bid dat die besluite en die Sinode se werksaamhede sal bydra tot die uitbrei en koms van God se koninkryk.
- ✞ Bid vir wysheid vir al die persone wat as groepleiers gaan optree.
- ✞ Bid vir 'n fyn oor vir die Luisterspan, dat hulle sensitief sal wees vir wat by die vergadering gebeur.
- ✞ Bid vir ds. Jaco Putter, wat as pastor optree tydens die sinodesitting. Bid vir die Here se seën op alle gesprekke wat hy voer.
- ✞ Bid vir die Liturgiespan. Bid dat hulle sensitief sal wees vir die Here se stem en die vergadering sal begelei om in aanbidding te bly.

- ✞ Die doel van ons vergadering is om te onderskei wat God se wil / roeping is vir die bediening van die NG Kerk in Oos-Kaapland vir die volgende vier jaar. Bid dat ons hierin duidelik die Here se stem sal hoor.
- ✞ Dinsdag gesels ons spesifiek oor *Visionêre Leiding*: MIV en Vigs; Geweld teen vroue en kinders; Sondag vir Barmhartigheid; Kerkhereniging; Publieke Kerk; Misdaad en geweld; Grondhervorming; Homoseksualiteit; Verhouding kerk en staat. *Navorsing*: Skrifgesag; Modernistiese ongeloof; Geloofsoordrag. *Begeleiding*: Kerk-wees in verband.
- ✞ Jy kan sien dat dit groot, belangrike en dikwels moeilike sake is waaroor ons gaan gesels. Bid vir die styl en gesindhede van die gesprekke. Bid dat ons werklik sal soek na God se wil, na Sy koninkryk.
- ✞ Ons gaan ook gesels oor “Heilige Stories”, waar ons verhale gaan deel van God se werk in ons lewens. Bid dat die Here ook hierdie gesprekke tot Sy eer sal gebruik.

Laat U wil geskied

- ✞ Bid vir wysheid vir elke afgevaardigde. Bid dat ons sensitief sal wees vir die leiding van die Gees en werklik God se wil sal onderskei.
- ✞ Bid dat God se wil sal geskied in alles wat gedoen word en elke besluit wat geneem word.
- ✞ Bid ook vir die Moderatuurslede vir wysheid en krag. Bid veral vir die Moderator, Chris van Wyk, wat die vergadering met wysheid moet lei.

Gee ons vandag ons daaglikse brood

- ✞ Bid vir die Notulekommissie, wat ’n massiewe taak het. Bid vir hulle vir helderheid en krag, om noukeurig verslag te lewer van die vergadering.

Vergeef ons ons oortredinge

Bid vir vergifnis waar ons moontlik ongehoorsaam was aan God. Moenie te vinnig hieroor gaan nie, wag op God om aan jou duidelik te maak of daar iets is wat jy dalk moet bely.

Laat ons nie in die versoeking kom nie

Bid spesifiek dat God ons sal waaksaam maak teen enige vorm van versoeking. Bid ook vir verlossing van die houvas en verblinding van die Bose.

Aan u behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid.

Spandeer die tyd om net God se grootheid te erken, om te loof en te prys vir wie Hy is.

Nogmaals baie dankie!
Met seënwense
Rethie van Niekerk